SENDINGWERK

Noordkus Gemeente is betrokke by verskeie sendingprojekte.

Simunye Ku Jesu

Hierdie is ‘n plaaslike sendingprojek waar daar elke Saterdag vir die huiswerkers van Ballito ‘n diens gehou word. By hierdie geleentheid word daar heerlik saam gesing in Engels en Zoeloe. Daar word ‘n boodskap aangebied, en daar is gebedsgeleentheid vir diegene wat voorbidding nodig het.

Daar word verversings aangebied, en diegene wat finansieel swaarkry word gehelp met hulle vervoerkoste (sommige is werkloos).

‘n Paar van die gereelde gesigte by Simunye

Behoeftes:
Voorbidding
Persone wat kan help met die organisasie, verversings ens.
Finansiële hulp
Klere ens. vir behoeftiges
Kontakpersoon: Petro Louw - 032 946 3472

VGK Shakaville

Hierdie is ‘n baie arm gemeente in die Stanger omgewing. Die leraar is Ds. Simon Kwashabe.
In ‘n omgewing waar vigs hoogty vier, bedien Ds. Simon die evangelieboodskap onder uiters moeilike omstandighede in ‘n gemeenskap waar die inkomste bitter klein is. Daar word ‘n kleuterskool bedryf op die kerkterrein asook ‘n sopkombuis waar die behoeftes baie groot is.

Behoeftes:
Voorbidding
Finansiele ondersteuning
Morele ondersteuning - gaan besoek gerus ‘n erediens om 10:00 op ‘n Sondag.
Kantakpersoon: Willie Voges - 072 332 0192

Masedonië Projek

Hierdie is ‘n internasionale sendingaksie waar Bybels en ander literatuur geplaas word in lande wat ontoeganklik is vir die evangelie.

Een van ons lidmate is voltyds betrokke by hierdie organisasie, en ons gemeente ondersteun ook die organisasie finansieel.

Behoeftes:

Voorbidding

Neem deel - gaan saam op een van die uitreike na ’n onbereikte land om Bybels te plaas in die hande van iemand wat honger is vir die evangelie.

Finansiele hulp

Kontakpersoon: Sarie de Jager - **sariedj@gmail.com**

Hoe neem jy ‘n
2 000 jaar oue boodskap…

…na ‘n diverse 21ste eeu se gemeenskap?



Jy vat dit Persoonlik.

Ons Misie –

is om God te verheerlik en Christus bekend te maak.

Ons doel –

is om bewegings van Evangelisasie en Dissipelskap te ontwikkel deur die WEN, BOU & STUUR van Christus-gesentreerde, vermeenigvuldigende dissipels die wêreld in.

Vir meer inligting kontak Sarie de Jager by:

sariedj@gmail.com